BYLAAG “A”

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

DRANKGEBRUIK

(1 APRIL 2014)

REëLS TEN OPSIGTE VAN ALKOHOLGEBRUIK :

1. Enige vorm van dronkenskap, alkoholmisbruik of dwelmgebruik in Sonop deur Huislede, besoekers of oud-Sonoppers word totaal verbied, en word beskou as ernstige wangedag.

2. Indien enige inwoner onder die invloed van drank homself skuldig maak aan enige wangedrag, of die naam van Sonop in gedrang bring (binne Sonop se gronde of buite), sal hy homself blootstel aan tug, wat uitsetting uit die Tehuis kan insluit.

3. As algemene reël is enige vorm van handel in, gebruik van en besit van alkohol in Sonop verbode, behalwe in gevalle waar die Sonopraad skriftelike toestemming verleen vir ŉ spesifieke spesiale geleentheid, en waarvoor spesifieke voorskrifte skriftelik verskaf sal word deur die Sonopraad, soos verteenwoordig deur die Koshuishoof. ŉ Voorbeeld van so funksie is die sogenaamde Jakarandafunksie waarna in paragraaf 11 verwys word, pa- en seundae, Joolweek, en HK gereelde sosiale-, sport- en kulturele funksies.

4. HK gereelde sosiale- en kulturele funksies (om in aanmerking te kom vir die Koshuis van die Jaar Kompetisie) waarby drank op streng voorwaardes toegelaat mag word deur die Koshuishoof, mag nie meer as een keer per maand plaasvind nie. Tydens geeneen van die voormelde tipe van funksies mag drank verkoop word nie, en mag slegs “punch” of ander drank wat deur die HK aangekoop of voorberei is, bedien word.

5. 'n Huislid wat alkohol gebruik het, mag hoegenaamd glad nie met eerstejaars werk, hulle aanspreek, of enige vorm van interaksie met eerstejaars hê nie.

6. Skriftelike aansoek met voorlegging van redes moet deur die HK alleen (en nie deur individue of Streke nie) by die Sonopraad soos verteenwoordig deur die Koshuishoof gedoen word as daar ŉ behoefte bestaan om alkohol te gebruik by ŉ spesiale geleentheid, en sal die Sonopraad in sy diskresie besluit of alkoholgebruik toegelaat sal word by ŉ spesiale geleentheid, en op welke terme en voorwaardes. Hierdie reël geld ook vir sogenaamde Streeksfunksies, waarna in paragraaf 11 verwys word. Dit sluit ook die HK gereëlde sosiale- en kulturele funksies in waarna in paragraaf 4 hierbo verwys word.

7. Geen alkoholiese drank van enige aard in welke vorm ookal mag in enige kamer of streek van die Tehuis aangehou word deur enige Huislid nie.

(WEERGAWE 1/4/2014)

Huislede is bewus daarvan dat die Koshuishoof, die Huiskomitee, die Sonopraad of ’n sekuriteitsmaatskappy wat aangestel mag word deur die Raad, te enige tyd inspeksies kan uitvoer in kamers, beslag kan lê op alkoholiese drank wat in kamers gevind word, dit mag vernietig, en die betrokke Huislid wat in besit van alkoholiese drank betrap word dissiplinêr te vervolg ingevolge die bepalings van die Dissiplinêre Kode.

8. Drankgebruik buite Sonop by amptelike Sonop byeenkomste vind plaas onder die streng toesig van die Huiskomitee, en kan die Sonopraad of die Sonopraad se verteenwoordiger of Uitvoerende Koshuishoof te enige tyd by enige amptelike Sonop byeenkoms of by enige byeenkoms, waaraan Sonop se naam gekoppel word, of gekoppel mag word, die gebruik van alkohol verbied.

9. Dit is verbode vir enige Sonopper om enige byeenkoms te reël waar drank verkoop word, en waaraan die naam van Sonop op enige wyse hoegenaamd gekoppel word. Sou spesifieke Sonoppers sonder die medewerking en toestemming van die Huiskomitee, die Koshuishoof of die Sonopraad sulke byeenkomste in hulle eie hoedanigheid reël, mag geen Sonopper verplig word om by sodanige geleentheid enige werksaamhede te verrig nie, soos byvoorbeeld die verkoop van drank, die inrig en opruim van die perseel waar die byeenkoms gehou word, of op enige ander wyse nie, en is dit in iedere geval uitdruklik verbode vir enige Sonop eerstejaar of enige Sonop tweedejaar om by sodanige geleentheid op enige wyse werksaam te wees in watter hoedanigheid ookal, soos byvoorbeeld met die inrig en opruim van die perseel, die verkoop van drank, die verkoop van kaartjies, ensovoorts. Deelname van enige eerstejaar en tweedejaar aan so ’n byeenkoms is strafbaar as wangedrag ingevolge die Dissiplinêre Kode en is enige senior (met ander woorde ’n ander persoon as ’n eerstejaar of ’n tweedejaar) wat hom skuldig daaraan maak om enige eerstejaar of tweedejaar uit te nooi of uit te lok of te forseer om op enige sodanige wyse betrokke te raak skuldig aan growwe wangedrag wat strafbaar is ingevolge die Dissiplinêre Kode. (Dit is dus die Sonopraad se uitdruklike standpunt dat Sonop nie op enige wyse geassosieer mag word met enige sulke privaatfunksie wat deur lede van Sonop in hulle privaat hoedanigheid aangebied word nie, soos byvoorbeeld die Lentedag wat in die afgelope jare deur die Oostestreek gereël is nie, en aanvaar die Sonopraad geen aanspreeklikheid vir enige gevolge wat voortspruit uit die aanbieding van die dag nie. Sou dit gebeur dat Sonop se naam geskaad word, en in gedrang gebring word deur lede van die Tehuis wat so privaatfunksie aanbied, sal die betrokkenes ingevolge die Dissiplinêre Kode vervolg word.)

10. Die Sonopklubhuis word gesluit. Alle drankadvertensies, items soos horlosies, drank en embleme asook verwante items moet uit die perseel waar die Klubhuis bedryf was verwyder word en mag nie daar toegelaat word nie. Die Klubhuis mag nie geopen word of funksioneer of geen drankverkope mag plaasvind in die Tehuis nie.

11. Streeksfunksies en Jakarandafunksie :

11.1 Elke Streek mag twee Streeksfunksies aanbied per jaar wat in die Tehuis mag plaasvind, en waarby alkohol gebruik mag word, onderhewig aan dit wat in subparagrawe 11.1 - 11.6 hiervan stipuleer word.

11.2 Die Streeksfunksies moet koördineer word sodat dit op dieselfde aand plaasvind ten einde die minste inbreuk op die akademie te maak.

11.3 Die datums vir die Streekfunksies word deur die HK bepaal in oorleg met die Koshuishoof.

11.4 Geen drank mag verkoop word tydens die Streeksfunksies nie, en geen orkeste of buite-instansies mag deelneem aan die Streeksfunksies nie, welke funksies slegs deur Huislede en hulle meisies bygewoon mag word en nie deur enige ander besoeker of oud-Sonoppers nie.

11.5 Die datum van die Jakarandafunksie word deur die HK bepaal in oorleg met die Koshuishoof, en dieselfde reëls gemeld in paragrawe 11.1 – 11.4 hierbo is ook van toepassing op die Jakarandafunksie.

11.6 Geen drank, en drankverwante items, hetsy vir privaatfunksies of Streeksfunksies mag op die terrein van die Tehuis gestoor word ander as op die dag voor, die dag van, en die dag na sulke funksies nie, en word op ’n sentrale plek gestoor onder toesig van die HK na oorlegpleging met die Koshuishoof.

12. Geen privaatpartytjies, byvoorbeeld verjaardagpartytjies waarby enige vorm van alkohol gebruik word, mag op die terrein van die Tehuis gehou word nie.

13. Geen eerstejaars mag betrek word om enige dienste te verrig by enige privaatpartytjie, of dit nou op of weg van Sonop se terrein is of nie.

(WEERGAWE 1/4/2014)

14. Tydens enige van die Streeksfunksies, Jakarandafunksie, of ander funksies wat formeel goedgekeur word deur die Koshuishoof en wat plaasvind in die Koshuis mag eerstejaarstudente vooraf help met voorbereiding en mag ook help met opruiming, maar mag nie aan diens gehou word gedurende die duur van die funksie om enige take te verrig nie.

15. Nieteenstaande dit wat hierbo stipuleer word in paragrawe 1 tot 14, word as ŉ proefneming met ingang van 26 Mei 2010 en tot verdere kennisgewing en geheel en al binne die diskresie van die Sonopraad wat te enige tyd die proefneming mag stopsit, die volgende uitsonderings tot die drankreëls toegelaat :

15.1 Alkoholiese drank mag slegs Saterdae (uitgesonderd op die dae soos wat hieronder in paragraaf 15.4 bepaal word) vanaf 15h00 tot 20h00 in Streke genuttig word en aangehou word. Vanaf 20h00 op Saterdagaand mag geen drank meer deur enige lid in die Tehuis genuttig of besit word nie.

15.2 Geen eerste- of tweedejaars mag by enige geleentheid waarby drank genuttig word op ŉ Saterdag enige take van bedien, vuurmaak, braai, skoonmaak, betrek word nie.

15.3 Enige Huislid wat homself aan dronkenskap, luidrugtigheid of enige wangedrag skuldig maak tydens die tyd wat drank gebruik toegelaat word op ŉ Saterdagmiddag, en ook tydens HK gereëlde sosiale en kulturele funksies sal summier vervolg word, en sal die voorreg vir die Streek om drank op ŉ Saterdag te gebruik of die voorreg om ŉ sosiale funksie te hou na goeddunke van die HK en/of die Koshuishoof opgeskort mag word. Hierdie opskorting kan inwerking gestel word vir al die lede van die Tehuis of vir ŉ bepaalde Streek van die Tehuis na goeddunke van die Huiskomitee en/of na goeddunke van die Koshuishoof.

15.4 Die vergunning soos hierbo uiteengesit geld slegs vir Saterdae gedurende die termyn wanneer die HK toesig kan hou oor die drankgebruik en gedrag van studente. Met ander woorde :

15.4.1 Gedurende Universiteitsvakansies, en op alle tye soos langnaweke of naweke waar die HK by ander aktiwiteite betrokke is en twee HK-lede nie teenwoordig is en toesig kan hou nie, mag drank nie genuttig word soos in paragraaf 15.1 bepaal word nie.

(WEERGAWE 1/4/2014)

15.4.2 Vir elke Saterdag waarop daar drank gebruik word soos in paragraaf 15.1 bepaal, wys die Huiskomitee twee HK-lede aan wat op daardie Saterdag moet toesig hou vanaf 15h00 tot 24h00 oor die drankgebruik en gedrag van die studente, en moet gemelde twee HK-lede op die daaropvolgende Maandag na die Saterdag ’n skriftelike verslag oor die afgelope Saterdag se drankgebruik en gedrag van studente by die Koshuishoof in dien.

15.4.3 Die vergunning soos in paragraaf 15.1 uiteengesit geld nie in gevalle waar daar reeds op die Vrydagaand van die bepaalde naweek enige HK gereelde sosiale-, kulturele- of sportfunksies plaasgevind het waarby drank reeds gebruik was nie, soos byvoorbeeld die Jakarandafunksie, of een of ander sport-, kulturele- of sosiale funksie nie.

15.4.4 Die vergunning geld spesifiek ook nie op daardie Saterdag wanneer die Sonop Senior Dinee of die Semi Dinee plaasvind, of wanneer die pons- en potdag plaasvind nie. Met ander woorde, in breë gesien word die gebruik van drank nie toegelaat waar daar reeds op die bepaalde Saterdag of die dag of die aand vantevore reeds ’n geleentheid was waar drank toegelaat en gebruik was in Sonop nie.

15.4.5 Geen omseiling van die reels mbt drankgebruik sal geduld word nie, en sal studente wat op enige kant van die sypaadjies van die strate rondom Sonop drank gebruik of bymekaarkom om drank te gebruik of daar in hulle motors drank gebruik geag word die drank binne die perseel van Sonop self te gebruik het, en is hulle net so onderworpe aan die Huisreels asof hulle die drank in Sonop self gebruik het.

16. Alle aansoeke vir drankgebruik word soos reeds hierbo uiteengesit deur die Huiskomitee gedoen by die Koshuishoof wat die aansoek om drankgebruik moet voorlê vir goedkeuring en oorweging aan die Dagbestuur van die Sonopraad. Die Dagbestuur van die Sonopraad moet op elke Sonopraadsvergadering by monde van die Koshuishoof verslag doen aan die Sonopraad oor alle geleenthede vanaf die vorige Sonopraadsvergadering oor aansoeke wat daar was vir drankgebruik en die voorwaardes waarop dit toegelaat was, en hoe die betrokke geleentheid verloop het waarop drank gebruik was. Die Koshuishoof moet op elke vergadering verslag doen oor die Saterdae waarop drank gebruik is en hoe dit verloop het.

17. Dit is die Huiskomitee se plig om alle gevalle van drankmisbruik en drankverwante voorvalle aan die Koshuishoof te rapporteer en is dit die Koshuishoof se plig om weer eens op sy beurt aan die Sonopraad alle drankverwante voorvalle eerstens aan die Dagbestuur en tweedens aan die Sonopraad te rapporteer.

(WEERGAWE 1/4/2014)

18. Dit is verbode vir enige Sonopper as individue, streek, groep of die Huiskomitee om deel te neem aan enige kompetisie waardeur die individuele student, groep, streek, Huiskomitee of huislede beloon word met drank, geld of enige ander geskenke, sou ’n groot hoeveelheid drank aangekoop word van ’n instansie vir ’n bepaalde geleentheid of oor ’n bepaalde tydperk. Met ander woorde, deelname aan ’n kompetisie soos die kompetisie wat Johnny’s Liquor byvoorbeeld jaarliks tydens die Joolweek aanbied om studente aan te moedig om groot hoeveelhede drank te koop, en die wat die meeste drank koop wen dan ’n prys, is ’n absolute verbode praktyk, en is die deelname van enige huislid, groepie van huislede, streek, Huiskomitee of die huis aan so ’n kompetisie growwe wangedrag, en strafbaar met uitsetting uit die Tehuis.

_____

(WEERGAWE 1/4/2014)